

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Julie 2013

In die hart van die Kerk

Lees binne...

- 'n Kerk wat ons dra – 1
- Hoe gesond is ons Kerk en haar mense? – 3
- Ons Kerk – gister, vandag, môre en oormôre – 6
- Aan wie moet die Kerk reenskap gee? – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 'n Kerk wat ons dra (Dr Daan van Wyk sr)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Vernuwende verdieping
- Bl 3 **Aktuele sake**
Hoe gesond is ons Kerk en haar mense? (Dr Johan Nel)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
Die 6de Algemene Diakensvergadering (Ds Gerhard Stoltz)
Predikant verwerf doktorsgraad
Verhouding tussen die Kerk en Universiteit (Dr Wouter van Wyk)
VTT Junie 2013
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Ons Kerk – gister, vandag, môre en oormôre... (Ds Kalla Fourie)
Kerkwees in die huidige tyd (Oudl Jannie van Niekerk)
Aan wie moet die Kerk rekenskap gee? (Ds Petrus Dreyer)
Beroepe aanvaar
- Agterblad **Oordenking**
Drie-eenheid – kan ons dit vier? (Ds Mariët Robbertze)

Vernuwende verdieping

Dr André Ungerer, redakteur, skryf dat die beplande besinning tydens die komende Algemene Kerkvergadering oor kerkwees in die toekoms sal moet fokus op die vraag na sinvolle vernuwing en in watter mate die Kerk bereid is om te verander én wat enige verandering sal behels. Daar is tans enkele gemeentes in die Kerk wat nie meer lyk soos die Kerk tradisioneel gelyk het nie, tot groot argwaan van sommige kritici. Dit is sake waaroor die Kerk sal moet besin. Wat is sinvolle vernuwing? Hoe pas dit in binne die raamwerk van ons Hervormde teologie? Watter elemente van ons kerkwees is onderhandelbaar en wat is ononderhandelbaar?

Dit sal dus veral gaan oor die verskil tussen vernuwing en verdieping. Verdieping sluit noodwendig vernuwing in, terwyl vernuwing nie noodwendig verdieping insluit nie. Vernuwing wat onoordeelkundig gedryf word, loop die gevaar om eerder vervlakking te bewerkstellig. Daar is dikwels nuwigheidsjagters wat enigiets sal opraap as dié antwoord sonder dat die uitwerking deeglik verreken is. Op die beste van dae lei hierdie soort vernuwing tot vervlakking.

Die wêreld waarin ons lewe, het onherroeplik verander, en die Kerk moet met hierdie verandering rekening hou. Die antwoord op hierdie veranderende wêreld is waarskynlik 'n kerk wat deurentyd vernuwende verdieping openbaar.

Die redaksie van *Die Hervormer* het besluit om van die vorige voorsitters van die AKV te nader om hul mening oor die Kerk se pad vorentoe te skets. In hierdie uitgawe is dr Daan van Wyk (sr) aan die woord. Di Kalla Fourie (wat eersdaags emeritaat aanvaar) en Petrus Dreyer ('n jong predikant) is ook genader om hul mening te lug.

'n Kerk wat ons dra

Dr Daan van Wyk (sr) skryf oor die woorde *'n Kerk wat ons dra* in 'n Nederlandse teologiese tydskrif. Ja, die Kerk dra ons. As 'n kerk nie meer 'n belydende kerk is nie maar nog net 'n kerk waarin 'n klomp mense baie besig is, dink ons maklik dis ons wat die kerk dra. Maar dit is nie waar nie. Ons dra nie die Kerk nie. Die Kerk dra ons. Dit werk verwonderend om in herinnering te roep hoe die Kerk ons, ons ouers en voorgeslagte gedra het.

Die Kerk dra ons. Dit gebeur deur die verkondiging van die Woord. In die hart van die Kerk klop die wonder van die Woord. So bring God Homself ter sprake in die lewe van mense. Die geloof kom deur die hoor van die Woord.

Daarom is die erediens belangrik. Dáár word die Woord verkondig; nie stories vertel nie. Na stories kan ons elders luister. In die erediens word ons nie vermaak nie. Dié kry ons elders baie beter. In die erediens sing ons nie lekker liedjies nie. Elders kan ons baie mooier hoor. In die erediens is ons God se gaste. Hy is nie ons gas nie. In die erediens word ons gedra deur kragtige Woordverkondiging en geloofsliedere van eeue.

In die Kerk beleef ons die gemeenskap van die gelowiges: met God en met mekaar; warmte, liefde van God vir ons; deur die geloof ons warmte en liefde vir God en vreugdevolle diens aan mekaar. So versterk, gaan ons die wêreld in om ons roeping te vervul.

Ons Kerk – gister, vandag, môre en oormôre...

Ds Kalla Fourie van Gemeente Krugersdorp-Noord skryf dat om oor die toekoms van ons Kerk te besin en iets daarop op skrif te stel, vir hom tegelyk moeilik en maklik is. Moeilik: Hy is nie 'n profeet of waarsêer nie. Ons ken nie die toekoms nie en dit is ook nie in ons hande nie. Maklik: As gelowige glo hy die toekoms van die kerk is veilig in die hande van God.

Ons is almal, as gelowiges, deel van die toekoms van ons Kerk, solank as wat die Here ons toelaat om asem te haal en te lewe. Dit bring mee dat ons elkeen in alle beskeidenheid tog 'n bepaalde aandeel het in ons Kerk van môre en oormôre. Hierdie aandeel berus egter op gehoorsaamheid, vertroue, kennis en boweal geloof en liefde teenoor God en medemens. Dit moet ons saam met die Kerk nie net bely nie, maar inderdaad ook uitleef.

Aan wie moet die Kerk rekenskap gee?

Ds Petrus Dreyer van Gemeente Barberton skryf dat Jürgen Moltmann in 1977 in sy boek *The Church in the Power of the Spirit* beklemtoon het dat die kerk in elke stadium van sy ontwikkeling duidelikheid moet hê oor sy roeping, sy situasie en sy doel.

Die Hervormde Kerk betree nou in sy ontwikkeling 'n "nuwe stadium", en ons moet onself ook afvra wat ons roeping, ons situasie en ons doel is. Is ons as Kerk nog getrou aan ons aanvanklike roeping? Is ons situasie nog dieselfde, of het dit intussen verander? Het die Kerk in sy doel geslaag?

Tydens die oploop na die volgende Algemene Kerkvergadering en tydens die vergadering self sal elke lidmaat van die Kerk en die Kerk self antwoorde op die drie vrae moet vind. Die antwoorde sal grotendeels ons identiteit bepaal en die wyse waarop ons 'n onseker toekoms tegemoet gaan.

Ander berigte

Dr Johan Nel vra in sy artikel hoe gesond ons Kerk en haar mense is. **Ds Gerhard Stoltz** skryf oor die pas afgelope 6de Algemene Diakensvergadering, en **dr Wouter van Wyk** oor die verhouding tussen die Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria. Daar is ook berigte oor 'n predikant wat haar doktorsgraad verwerf het, die VTT van Junie vanjaar, en predikante wat onlangs beroepe aanvaar het. **Ds Mariët Robbertze** van Gemeente Magaliesmoot se oordenking wys ons daarop dat ons die Lewende Woord kan toesluit in gesprekke en preke rondom en oor God en sy wese. Tog was die doel en sin van God se menswording tog sekerlik dat woorde moet oorgaan in daad (God word mens). Daarom moet ons ware beeldraers word van die drie-enige God se liefde, want so maak ons God sigbaar en kenbaar.